



# VOLKSRAADKOERANT

[www.volksraad.co.za](http://www.volksraad.co.za)

[kontak@volksraad.co.za](mailto:kontak@volksraad.co.za)

Posbus 1221, Rayton, 1001

Tel: 012 940 4271

Nommer 1

Dinsdag 4 Junie 2013

## VOLKSRAADKENNISGEWING

### AGTERGROND

Die gebruik in die voormalige Boere-republieke om versoeke van die volk aan die Volksraad te rig in die vorm van *memories* oftewel versoekskrifte. Sodanige versoeke is dan deur die Volksraad oorweeg en daar is na bevinding daarop gehandel. Dikwels het die Volksraad wetgewing deurgevoer om uitvoering aan die inhoud daarvan te gee, of wetgewing wat reeds goedgekeur was, gewysig om aan die gesonde wense van die volk te voldoen.

Gedurende die bedeling tussen 1910 en 1994 is sodanige versoeke as beskrywingspunte by politieke partykongresse ingedien, waar dit oorweeg is. Sake van nasionale belang is eweneens aan die Volksraad voorgelê vir oorweging en moontlike vaslegging in wetgewing.

### ALGEMENE OPROEP

Nademaal die Boere-Afrikanervolksraad die voorgenoemde volkstradisie wil herstel ten einde aan volksgenote seggenskap oor sake wat ons volk raak, te verleen; en

nademaal die huidige Volksraad se termyn op 9 Oktober 2014 verstryk; en

nademaal 'n verkiesing vir 'n nuwe Volksraad in 2014 gehou moet word —

word hiermee vir algemene kennisname bekend gemaak **dat memories waarin die volk se wense met betrekking tot die samestelling, funksionering, verkiesingsprosedures en mandaat van die volgende Volksraad wat verkies staan te word, nou aan die Volksraad gerig kan word.**

Versoeke moet op skrif gestel en onderteken word.

Elke ondertekenaar se voorletters, van, identiteitsnommer en adres moet op die versoekskrif

aangebring word.

Versoekskrifte in elektroniese formaat is aanvaarbaar.

Slegs versoeke van volksgenote wat op die Volksraad Verkiesing Kommissie se kieserslys geregistreer is, sal aanvaar en oorweeg word.

Memories moet nie later nie as 30 September 2013 by die Volksraad ingedien word, hetsy persoonlik of per land- of e-pos.

A.E. BREYTENBACH

Voorsitter

Kleinfontein, 31 Mei 2013

## Kennisgewing

### van nominasies vir die vakante Volksraadsetel vir Natal

Wens die hartseer afsterwe van Etienne le Roux, in lewe die Volksraadslid vir Natal, het laasgenoemde setel vakant geraak. Die Volksraad Verkiesing Kommissie (VVK) het volksgenote gevolglik uitgenooi om 'n kandidaat of kandidate te nomineer in hierdie verband; welke nominasieperiode verstryk het op 7 Maart 2013 en waartydens slegs een persoon genomineer was. Laasgenoemde het intussen egter nie sy weg oopgesien om die nominasie te aanvaar nie; wens welke rede die Sentrale Komitee van die VVK besluit het om die nominasieproses vir 'n finale keer te herhaal.

Om as Volksraadslid vir Natal verkiesbaar te wees, moet 'n kandidaat op die VVK se kieserslys as kieser geregistreer wees; en ook woonagtig wees in die gebied Natal soos afgebaken deur die VVK (dus, uitgesonderd die distrikte Vryheid en Utrecht). Dit geld ook vir die persoon wat 'n kandidaat nomineer; en die 100 sekondante wat 'n kandidatuur moet sekondeer.

Die nominasie-periode sluit om 12h00 op 7 Junie 2013.

Die voorgeskrewe vorms is beskikbaar by die Sentrale Komitee van die VVK se kantoor in Pretoria; en navrae kan gerig word aan Chantal Kruger by telefoonnommer (012) 803 0712; of per e-pos gerig word aan [chantal.kruger@vvk.co.za](mailto:chantal.kruger@vvk.co.za).

***Volksgenote op die kieserslys in Natal word versoek om dringend aandag te gee aan hierdie aangeleentheid.***

PAUL KRUGER

Voorsitter: Sentrale Komitee,  
Volksraad Verkiesing Kommissie

Pretoria, 23 Mei 2013

---

## Kennisgewing

### van inhuldiging as Volksraadslid

---

**D**aar word vir algemene kennisname bekend gemaak dat ds. Ferdie Devenier D.V. op 15 Junie 2013 as lid van die Volksraad ingehuldig sal word.

Die inhuldigingsdiens sal om 16:00 in die kapel te Diamantvallei 'n aanvang neem.

Om 19:00 word die gebeurtenis feestelik gevier met 'n inhuldigingsdinee in die Kleinfontein gemeenskapsaal. Toegang bedra R150,00 per persoon, en formele drag word vir beide geleenthede vereis.

Volksgenote wat hierdie aandoenlike, maar ook feestelike geleentheid wil bywoon, moet voor of op Maandag, 10 Junie bespreek by [chantal.kruger@vvk.co.za](mailto:chantal.kruger@vvk.co.za) of telefonies by 012 803 0712.

Betaling moet gedeponeer word te Standard Bank, Lynnwoodrif (takkode 012-445) ten gunste van die Volksraad Verkiesing Kommissie, rekeningnommer 018-289-541; en bewys van betaling gestuur word na die voorgenoemde e-posadres of na telefoonnommer 012 803 4527.

PAUL KRUGER

Voorsitter: Sentrale Komitee,  
Volksraad Verkiesing Kommissie

Pretoria, 3 Junie 2013

---

## Die Vaste Fondament

---

"Elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe."

Johannes 4: 14

---